testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## JUNIE 2018

## GRAAD 9

## WISKUNDE

**NAAM VAN LEERDER:** ________________________________________

**GRAAD 9:** _________

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

**18 bladsye + 1 formuleblad**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN – 2018**

**WISKUNDE**

**TYD: 2 uur**
**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

**Lees die volgende instruksies noukeurig deur, voordat die vrae beantwoord word.**

1 Hierdie vraestel bestaan uit 9 vrae en 19 bladsye wat ʼn FORMULEBLAD insluit.

2 Antwoord AL die vrae.

3 ʼn Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word tensy andersins aangedui.

4 Wys alle berekeninge, diagramme en grafieke wat jy gebruik het om jou antwoorde te kry. Slegs antwoorde alleen sal nie noodwendig volpunte verdien nie.

5 Rond antwoorde af tot 2 desimale plekke waar nodig, tensy anders gevra.

6 Diagramme is nie noodwendig volgens skaal geteken nie. Redes MOET te alle tye gegee word wanneer jy meetkundige berekeninge doen.

7 Nommer antwoorde korrek in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat gebruik word in die vraestel.

8 Omkring die korrekte antwoord in Afdeling A op die vraestel. Antwoord Vrae 1 tot 9 van Afdeling B in die spasies wat voorsien is.

9 Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

Antwoord die volgende vrae deur die korrekte antwoord te kies. Omkring die LETTER van die korrekte antwoord.

1 Voltooi die stelling:

Die bedrag geld wat geleen of belê word, word die … genoem.

A rentekoers
B kapitaal
C eindbedrag
D enkelvoudige rente (1)

2 ŉ Trein wat teen 40 km/h ry, neem 3 ure om sy bestemming te bereik. Hoe lank sal dit die trein neem om dieselfde bestemming te bereik, as dit teen 90 km/h ry?

A 2 ure
B 1 uur
C 4 ure
D 1 uur 20 minute (1)

3 Voltooi: $2x(x-2)-(x-5)x = \ldots$

A $3x^2 + x$
B $x^2 + x$
C $x^2 + 9x$
D $x^2 - 9x$ (1)

4 Die patroon diagram bestaan uit kruisies.




Diagram 1 Diagram 2 Diagram 3

Hoeveel kruisies sal daar wees in Diagram 6 as die patroon aangaan?

A 16
B 32
C 64
D 128 (1)

5 Watter een van die volgende getalle lê tussen 0,07 en 0,08 op die getallelyn?

A 0,00075
B 0,0075
C 0,075
D 0,75 (1)


6 Indien 4,5 kg suiker R36 kos, wat sal 2,5 kg suiker kos?

A R20
B R36
C R90
D R14,40 (1)

7 Voltooi die stelling: Die hoeklyne van 'n vlïeer …


A is loodreg op mekaar en halveer mekaar.
B halveer teenoorstaande hoeke en is gelyk aan mekaar.
C halveer teenoorstaande hoeke en is loodreg op mekaar.
D is loodreg op mekaar en nie gelyk aan mekaar nie. (1)


8 Voltooi: As $\Delta ABC$ 'n gelyksydige driehoek is dan is die grootte van $\hat{C}_1$, …




A 180°
B 120°
C 100°
D 60° (1)

9 In $\Delta ABC$ en $\Delta DEF$, $\hat{A} = \widehat{D}$ , $\hat{B} = \hat{E}$ en $AB: DE = 2: 1$
Watter een van die volgende stellings is korrek?




A $\Delta ABC \ ||| \ \Delta DEF$ en $DF: AC = 1: 2$

B $\Delta ABC \equiv \Delta DEF \ (\angle\angle\angle)$

C $\Delta ABC \equiv \Delta DEF$ en $AC = \frac{1}{2} DF$

D $\Delta ABC \ ||| \ \Delta DEF$ en $BC = EF$ (1)

10 Die lengte van 'n reghoek is $(x + 2)$cm en die breedte is 4 cm **minder** as die lengte. Watter een van die volgende uitdrukkings verteenwoordig die **omtrek** van die reghoek?

A $(x + 2)(x + 2)$ cm

B $4x$ cm

C $(x + 2)(x - 2)$ cm

D $4x(x + 2)$ cm (1)

**[10]**

**AFDELING B**

**VRAAG 1**

1.1 Skryf 0,00000356 in wetenskaplike notasie.

__________________________________________ (1)

1.2 Bestudeer die volgende uitdrukking:

$3a^2b + 4a^3b - 6ab^2 + 9$

1.2.1 Hoeveel terme is daar in die uidrukking?

__________________________________________ (1)

1.2.2 Skryf die koëffisient van $b^2$ neer.

__________________________________________ (1)

1.2.3 Skryf die konstante term neer.

__________________________________________ (1)

1.3 Vereenvoudig:

1.3.1 $xy^2 - 3x^2y - 10xy^2 + 17x^2y - 10x^2$

__________________________________________

__________________________________________

__________________________________________ (2)

1.3.2 $(4x - y)^2 + 8xy$

__________________________________________

__________________________________________

__________________________________________ (2)

1.3.3 $\frac{2^2 .\ 2^3 .\ 8}{4^5}$

(3)

**[11]**

**VRAAG 2**

Faktoriseer volledig:

2.1 $4a^3 - 12a^2 - 36a$

(2)

2.2 $9(x + y) - y^2(x + y)$

(3)

**[5]**

**VRAAG 3**

Los die volgende vergelykings op:

3.1 $6y = 5y - 4$

(2)

3.2 $(2^x)^2 = 128$

(4)

3.3 $\frac{2x-3}{2} - \frac{3x+1}{4} = 1$

(4)
**[10]**

**VRAAG 4**

4.1 ’n Bedrag van R3350 word belê teen 14,5% saamgestelde rente per jaar vir 3 jaar.

Bereken:

4.1.1 Die eindbedrag

(3)

4.1.2 Die rente

(2)

4.2 Dorcas loop ŉ afstand van 18 km van die huis af tot by die skool teen ŉ spoed van 6 km/h. Hoe lank vat sy om by die skool te kom?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________


______________________________________________________________

(3)

**[8]**

**VRAAG 5**

5.1 Die volgende vloeidiagram word gegee.




5.1.1 Stel die invoer- en uitvoergetalle in die tabel hieronder voor.

| $x$ | $-2$ | $-1$ | $1$ | $2$ |
|---|---|---|---|---|
| $y$ | | | | |

(4)

5.1.2 Skryf ŉ getallesin om die uitvoergetalle te bereken.

______________________________________________________________ (1)

5.2 Bestudeer die tabel hieronder.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| $x$ | 1 | 2 | 3 | 4 | 8 | $\boldsymbol{b}$ |
| $y$ | 3 | 12 | 27 | 48 | $\boldsymbol{a}$ | 243 |

5.2.1 Bepaal die verhouding tussen $x$ en $y$ in die tabel hierbo.

______________________________________________ (2)

5.2.2 Bepaal vervolgens die waardes van $a$ en $b$.

______________________________________________

______________________________________________




______________________________________________

______________________________________________ (5)

**[12]**

**VRAAG 6**

Sê of die volgende bewerings “WAAR” of “ ONWAAR” is.

| | **BEWERING** | **WAAR / ONWAAR** |
|---|---|---|
| 6.1 | Aangrensende hoeke is altyd supplementêr. | |
| 6.2 | Die som van die hoeke in ’n reghoekige driehoek is 90°. | |
| 6.3 | In die figuur hieronder is $x$ en $y$ gelyke verwisselende hoeke.<br><br> | |
| 6.4 | In die diagram hieronder is $ABC$ ’n reguit lyn.<br><br> | |
| 6.5 | <br><br>In die diagram hierbo is $\Delta ABC$ ’n reghoekige driehoek. | |

**[5]**

**VRAAG 7**

7.1 Gebruik 'n potlood, liniaal, en jou passer om $\Delta DEF$ akkuraat te konstrueer sodat $DE = 5{,}4$ cm en $EF = DF = 6{,}7$cm.

(3)

7.2 Gebruik jou gradeboog om die grootte van $\widehat{D}$, $\hat{E}$ and $\hat{F}$ te meet.

$\widehat{D} =$ _________°

$\hat{E} =$ _________°

$\hat{F} =$ _________° (3)


7.3 Watter tipe driehoek is $\Delta DEF$?

_______________________________________ (1)

**[7]**

**VRAAG 8**

8.1 $ABC$ is 'n reguit lyn. $DB$ halveer $E\hat{B}C$ en $\hat{B}_1 = 130°$.





Bereken die grootte van $\hat{B}_3$.

| Bewering | Redes |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

(3)

8.2 In die onderstaande diagram, $AB \perp BC$ en $AB = BC$.





Bereken die grootte van $\hat{C}_1$.

| Bewering | Redes |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

(5)

8.3 In the diagram hieronder $PS \parallel QT$, $\hat{S} = 3x° - 40°$ en $Q\hat{R}S = 2x° + 10°$.





Bereken die grootte van $\hat{S}$.

| Bewering | Redes |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

(6)

8.4 $M$ is die middelpunt van die sirkel hieronder en $BC = CD$





Bewys, met redes, dat $\Delta MBC \equiv \Delta MDC$.

| Bewering | Redes |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

(4)

8.5 In die onderstaande figuur is $AB \parallel DC$, $AB = 10$ cm, $CD = 6$ cm en $CT = 8$ cm.




8.5.1 Bewys, met redes, dat $\Delta ABT ||| \Delta CDT$.

| Bewering | Redes |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

(4)

8.5.2 Bereken die lengte van $AT$.


| Bewering | Redes |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

(3)

**[25]**

**VRAAG 9**

Die oppervlakte van $\Delta KMN$ is 60 cm$^2$, $KM = 10$ cm en $ML = 6$ cm.




Bereken die lengte van $MN$.

| Bewering | Redes |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

(7)

**[7]**

**TOTAAL 100**

**EINDE**

**FORMULEBLAD**

| Enkelvoudige Rente: | Saamgestelde rente: |
|---|---|
| $I = \frac{Prn}{100}$<br>$A = P(1 + in)$<br>$A = P(1 + \frac{rn}{100})$ | $A = P(1 + i)^n$<br>$A = P(1 + \frac{r}{100})^n$ |

| | **Omtrek** | **Oppervlakte** |
|---|---|---|
| | | |
| **Reghoek** | $2(l + b)$ | $l \times b$ |
| | | |
| **Sirkel** | $2\pi r$ | $\pi r^2$ |
| | | |
| **Driehoek** | $(s1 + s2 + s3)$ | $\frac{1}{2} b \times \perp h$ |